INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Publikasie nr. | Datum | Onderwerp nr. | Dokument nr. |
|---|---|---|---|
| 0 3 0 2 | 8 2 1 2 0 7 3 4 1 | 3 2 9 | 3 3 4 4 |

DIE VOLKSBLAD Jg. 26 Nr. ........ P. 10 Dat. 82 12 - 7

# Selferkende ANC-lid tronk toe

10PO

Eie Beriggewer

PRETORIA. — 'n Selferkende en opgeleide terroris van die ANC wat op 23 Oktober 1981 'n transformator van 'n Evkom-sugstasie in Witbank gesaboteer het, is gister in die Pretoriase hooggeregshof tot 24 jaar gevangenisstraf gevonnis.

Regerio Hoffsani Chamusso (32) van Inhambane, Mosambiek, is egter vrygespreek op aanklag dat hy mnre. L. A. Mans en H. R. G. Booysen op 23 Oktober 1981 in hul tent langs hul woonwa by Heuwelofntein naby Ogies met 'n Makarof-pistool doodgeskiet het.

Weens die opleiding as plofstofdeskundige wat Chamusso tussen Augustus en September 1981 in Angola ondergaan het, is hy tot tien jaar gevangenisstraf gevonnis.

Hy is twaalf jaar gevangenisstraf opgelê weens die aanslag op die substasie by Witbank. Skade van R20 000 is aan die substasie aangerig. Sy straf vir die feit dat Russiese kleefmyne in sy besit gevind is, is ses jaar gevangenisstraf, waarvan vier jaar gelyktydig met die ander vonnisse uitgedien sal word.

Volgens regter A. P. Myburgh kon die staat nie bo alle redelike twyfel bewys dat Chamusso die twee blankes vermoor het nie. Die vyftienjarige seun wat hom op 'n uitkenningsparade uitgewys het, kon moontlik 'n fout gemaak het, het die regter gesê.

Chamusso het hom by die ANC aangesluit nadat Suid-Afrikaanse magte sy vrou en kind op 31 Januarie 1981 tydens 'n aanval op die Matola-woonbuurt naby Maputo doodgeskiet het, het adv. Nink de Vos ter versagting gesê.

TREFWOORDE

1. Pretoria
2. Politieke Verhore
3. Vonnisse
4. Chamusso R.H.
5. Sabotasie
6. Evkom
7. Kragsentrales
8. ANC
9. Stedelike Terrorisme
10.